

VOLKSKOOL
Graaff-Reinet
ONS SAL HANDHAAF

Belangrike Inligting:

Uit die Kantoor Bl.2
Datums Bl. 3-4

# VOLKSIENUUS

19 Junie

# UIT DIE KANTOOR

- Die eksamen kom vandag tot 'n einde. Ons vertrou dat elke leerder hard gewerk en sy of haar beste gelewer het. Rapporte sal Dinsdag aan die einde van die skooldag uitgedeel word.

- Woensdag pak ons sportspanne vir Aliwal-Noord aan op hul tuisveld. Die bus vertrek reeds om 04:30 vanaf Graaff-Reinet, en ons wens al ons spelers, afrigters en ondersteuners 'n veilige reis en 'n suksesvolle dag toe.

- Ons neem ook afskeid van mnr. Cronjé, wat reeds sedert einde Maart op pensioen is en gedurende die tweede kwartaal in 'n beheerliggaampos diens gedoen het. Baie dankie vir 30 jaar se getroue diens en positiewe bydrae tot Volkskool. Veral op die boogskietbaan het hy die afgelope paar jaar diep spore getrap. Sy ervaring, insette en kennis gaan beslis gemis word, en ons wens hom alle voorspoed toe met hierdie nuwe hoofstuk.

- Geniet die welverdiende blaaskans, rus goed en kom veilig terug. Volgende kwartaal spring sommer vinnig weg, met Interskole reeds die derde naweek op die kalender.

- Baie sterkte aan die volgende leerders wat gedurende die vakansie hul skool of provinsie gaan verteenwoordig:
  **Netbal:** Ilze Vorster en Izienne Pienaar
  **Hokkie:** Angela Vorster en Alecia Louw
  **Landsdiens:** Loné Boje, Mieke Erasmus, Luandré Rademan en Melanie van der Walt

- 'n Opregte woord van dank aan elke personeellid vir hul toewyding en ondersteuning gedurende die tweede kwartaal, asook aan ons ouers en die breër Volkskoolgemeenskap wat steeds hande vat en saam bou aan ons skool. Ons waardeer elke bydrae en betrokkenheid. Geniet die vakansie saam met julle geliefdes. Ons sien daarna uit om volgende kwartaal weer met nuwe energie saam aan te pak.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 19 Junie: | Me. Sunet Gildenhuys verjaar |
| 21 Junie: | Vadersdag |
| 24 Junie: | Aliwal-Noord sportdag<br>Mnr. Beyers Cronjé verjaar |
| 26 Junie: | Skool sluit |
| 9 Julie: | Me. Hester Prinsloo verjaar |
| 16 Julie: | Oudskoliere Koedoejag |
| 17 Julie: | Oudskoliere Koedoejag |
| 19 Julie: | Mnr. Cedric Pietersen verjaar |
| 21 Julie: | Skool begin<br>Koshuiskomitee vergarder |
| 22 Julie: | LLR vergader |

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 23 Julie: | Finans Komitee |
| 25 Julie: | Cradock - Rugby, Hokkie en Netbal (tuis) |
| 27 Julie: | GEESWEEK<br>Beheerligaam vergader |
| 28 Julie: | GEESWEEK<br>Camdeboo Eisteddfod |
| 29 Julie: | GEESWEEK<br>Camdeboo Eisteddfod |
| 30 Julie: | GEESWEEK<br>Camdeboo Eisteddfod |
| 31 Julie: | GEESWEEK<br>Camdeboo Eisteddfod<br>Me. Anouna Breda verjaar |
| 1 Augustus: | Netbal Interskole teen Gill<br>Sportdag teen Gill (weg) |

# SPORT

**Frederik trap eerste oor die wenstreep!**

Frederik de Klerk het uitstekend presteer tydens die OP Skole Liga 3 en die goue medalje in die Sub Junior Boys-afdeling verower. Baie geluk met hierdie puik prestasie – jy dra die Volkskool-naam met trots!





**Provinsiale MASA-kampioenskappe**

Renaldo van der Westhuizen en Reaglin Maarman het uitstekend gevaar tydens die MASA Provinsiale Kampioenskappe in Despatch. Renaldo het goud in Points Fighting en silwer in Combat Weapons Fighting verower, terwyl Reaglin twee goue medaljes gewen het. Albei leerders is gekies om die Oos-Kaap van 26 tot 28 Junie by die Nasionale MASA-kampioenskappe in Pretoria te verteenwoordig. Baie geluk en sterkte vir die nasionale kampioenskappe.

**Boogskiet hoogtepunte**

Volkskool se boogskuts het mooi presteer tydens die onlangse Bullseye-kompetisies. Helen Grobbelaar, Nushaan Beyers en Conrad Kleyn het podiumplekke behaal, met Nushaan wat by albei kompetisies onder die topdrie geëindig het. Baie geluk aan hierdie leerders met hul uitstekende prestasies. Julle harde werk en toewyding maak Volkskool trots.



**Diedrik Meyer is opgeneem in Vrystaat Oewer Hengelspan**

Baie geluk aan Diedrik Meyer met sy insluiting in die Vrystaat Oewer Hengelspan vir die 2026/2027-seisoen as lid van die Junior o.19B-span. Hierdie prestasie getuig van harde werk, toewyding en baie ure langs die water. Volkskool is trots op jou prestasie en wens jou alle sterkte toe vir die seisoen wat voorlê.



# KULTUUR

**Hoër Volkskool maak geskiedenis in die ATKV redenaars!**

Met sy eerste deelnemer ooit in die ATKV Redenaars se Nasionale Finaal. Baie geluk aan Pieter Fourie (Gr. 9) wat die Suidoos-Kaapstreek op 4 Augustus by die landsfinaal in Klein-Kariba gaan verteenwoordig. Ons wens hom alle sterkte toe met die voorbereiding – die hele Volkskool-familie staan bankvas agter hom.



**Die beste redenaars-Hoërskool in die Suidoos-Kaap!**

Volkskool kan met trots spog as die beste redenaarshoërskool in die Suidoos-Kaap vir 2026. Benewens Pieter Fourie se plek in die nasionale finaal, het Drian Gildenhuys (Gr. 9), Mia Prinsloo (Gr. 11) en Mikha Enslin (Gr. 12) almal onder die Top 5 in hul afdelings geëindig. Met die meeste sprekers in die Top 5 van die streek, is hierdie prestasie 'n besondere beloning vir baie harde werk, lang ure en toewyding.





# gedagte vir die week

Sommige mense stap uit ons daaglikse lewe, maar nooit uit ons harte nie. Ons sê totsiens vir 'n seisoen, 'n kantoor of 'n bekende roetine, maar nie vaarwel vir die herinneringe, lesse en spore wat agterbly nie. Soos die woorde van 'n bekende liedjie sê: '*Every new beginning comes from some other beginning's end*.'

Mag ons die mense wat ons groet met dankbaarheid onthou, en met vertroue weet dat ware verbintenisse nie deur afstand of tyd beëindig word nie.

Soms is 'totsiens' bloot 'n ander manier om te sê: dankie dat jy deel van my reis was.